# HEBREËRS 4:14 TOT HEBREËRS 5:7

## TEMA: DIE HOËPRIESTER AMP

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*).

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld. Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: HEBREËRS 4:14 TOT HEBREËRS 5:7**

**Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.**
**Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.**
**Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.**

❖

**Heb 5:1 Want elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, tree ten behoewe van mense op in die dinge wat in betrekking tot God staan, om gawes en offers vir die sondes te bring**
**Heb 5:2 as een wat kan saamvoel met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swakheid bevange is.**
**Heb 5:3 En daarom juis moet hy, net soos vir die volk, so ook vir homself vanweë die sondes offer.**
**Heb 5:4 En niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Aäron.**
**Heb 5:5 So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer.**
**Heb 5:6 Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek.**
**Heb 5:7 Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs—**

**-o0o-**

### 1. 24 UUR BELYDENIS

Heb 4:14 Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou.

Bogenoemde vers sluit aan by
Heb 3:1 Daarom, heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis, Christus Jesus.
Dit beteken ons moet die belydenis 24 uur van die dag uitleef.

Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.
Heb 4:16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

### 2. HOËPRIESTER

Christus Jesus is die kern gedeelte van die **volmaakte hoëpriester** amp.
Aäron verteenwoordig die fisiese hoëpriester amp.
Heb 5:1 Want elke hoëpriester wat uit die mense geneem word, tree ten behoewe van mense op in die dinge wat in betrekking tot God staan, om gawes en offers vir die sondes te bring

Die fisiese hoëpriester is uit die mense geneem, nie uit God uit nie.

-o0o-

*Die hoëpriester se taak is:*
- om in te tree ten behoewe van die mense in die dinge wat betrekking tot God staan
- en om gawes en offers vir die sondes namens die volk te bring.

### A. Äaron het gefaal

Heb 5:2  as een wat kan saamvoel met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swakheid bevange is.
Heb 5:3  En daarom juis moet hy, net soos vir die volk, so ook vir homself vanweë die sondes offer**.**

*Die hoëpriester is maar net 'n doodgewone mens.*
Ons lees dit lees in die Woord van Äaron asook van Eli.
- Hulle het swakhede en het gefaal.
- Hulle kinders is doodgemaak omdat hulle as hoëpriesters maar net in hulle eie swakhede gehandel het weens hulle menslike tekortkominge.  Rom 3:23  want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God en in hierdie swakhede en ellendes van die mensdom kon niemand die volmaakte hoëpriester word nie.
- Daarom moes hoëpriester Äaron in sy amp, eers vir homself versoening by God een keer 'n jaar gedoen het, alvorens hy namens die volk die offers kon gebring.

Vers 3 beeld dit uit: En daarom moes hy, net soos vir die volk, so ook vir homself vanweë die sondes offer (Heb 5:3).
Hy verduidelik in vers 2, omdat hy self ook met ons *swakhede bevange* was, dit is daardie swakheid van die mens.  Die swakheid van die mens het God maar net beskou as 'n tydelike, omdat alle tydelike dinge 'n heenwysing en boustene is na die Volmaaktheid wat sal kom.

Ons moet hierdie goed verstaan.  Daarom kan ons nie vashou aan die Ou Verbond nie, aangesien die Ou Verbonde nie gewerk het nie. Die Ou Verbonde was net riglyne, paaie, hulpmiddel na die Volmaaktheid toe.  Alles was slegs heenwysings of te wel rigtingpyle. Die een het op die ander een gevolg.

Heb 5:4  En niemand neem die waardigheid vir homself nie, maar hy wat deur God geroep word, net soos Äaron**.**
Niemand kon regtig op homself gereken het nie. Rom 3:23  want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God,  wat die eerste hoëpriester was, kon nie op homself gereken het nie, gaan kyk maar hoe sy seuns doodgemaak is. Levitikus 10.

### B. Christus vervang Äaron

Heb 5:5  So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer.

*Christus het 'n doel op aarde gehad:*
- Christus het die wil van die Vader kom doen.
- In Christus se lewe self was daar 'n boekrol geskrywe
- In Christus se lewe self moes Hy as mens aarde toe kom,
- Die Woord moes vlees kom word het, want God moes mens kom word het,
- Sodat die Gees van God die oorwinning kon gekry het of die, saam met Christus die oorwinning kon gekry het op aarde.

Ons moet een ding baie mooi verstaan.  Die eerste Adam met gesondig, dit is die mens wat gesondig het, dit is nie 'n goddelike wese wat gesondig het nie. Dit is die mens wat gesondig het en 'n mens moes weer die oorwinning behaal het.

- Die eerste Adam het die outoriteit en die reg *weggegee,*
- die tweede Adam moes dit weer *kom terug haal*, daarom sal jy sien word daar baie keer na Christus verwys as die Seun God, maar ook as die Seun van die mens.

Die oomblik as daar verwys word na die Seun van die mens, dan is dit 'n plek wat Hy beklee, 'n amp, 'n "kantoor", 'n sekere gesagsposisie waar God, die Vader Hom nie meer kon gehelp het nie. *Hy moes dit as mens gedoen het omdat die mens dit afgestaan het moes die mens dit terug gevat het.* Die  Mens moes weer die oorwinning gemaak het.  (Die lesing oor die kruisiging verduidelik meer hieromtrent).

-o0o-

En dit is wat Hy sê, Hy het net een rede gehad om aarde toe te kom, en dit is om Hom te verheerlik, van wie gesê is, “dit is My geliefde Seun”. In Hebreërs 1 *(Afdruksel en Afskynsel*), het ons beskryf hoe die Joodse vader ‘n proklamasie (aankondiging) maak oor sy geliefde seun. “Alles wat in hierdie seun is, kom van my af. Die seun se wysheid, kennis, sy wese, sy alles kom van my af. Ek het myself, my hele wese oorgedra in hom en ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir dit wat hy gaan word en dit wat hy gaan uitlewe. As julle hom sien, sien julle my, as julle my sien, sien julle hom, ons is een”.

**C. Orde van Melgisedek**

Heb 5:6 Soos Hy ook op ‘n ander plek sê: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek**.**

Die rede hoekom Christus aarde toe gekom het was vir een rede alleenlik, *om Hom te verheerlik, wie gesê het, U is My Seun, vandag het Ek U gegeneree*r (vers 5), soos Hy ook sê, U is die Priester vir ewig volgens die orde van Melgisedek (vers 5).

Ons moet die Melgisedek priesterskap Verbond mooi verstaan. Hy is die **ewige Priester**. Daarom val ons nie meer onder die wet en die wettiese verbonde, die moets, die moenies, die “sal nie en die kan nie”. Ons is nou onder die Melgisedek verbond. Dan was Hy ook Priester van Salem, wat dan later Jerusalem geword het.

**3. MEDELYE**

Heb 5:7 Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs—

Hierdie is n baie belangrike gedeelte, ons kom nou terug na Heb 4:15 Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.

Heb 5:7 sluit hierby aan: Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs—

Al was Christus die Seun, het hy **gehoorsaamheid** geleer uit wat Hy gely het (Heb 5:8) en nadat Hy volmaak is, ook hierdie hele prys wat Hy as mens moes betaal het, as swak, ellendige mens, nie swak in vlees nie omdat ‘n mens se natuur swak is, want Hy was nog steeds sterk in God.

Hy het in die **wil** van die Here gelewe. Daarom is Hy versterk deur die Here; Hy kon dit nie as mens doen nie. Die Vader moes ‘n engel stuur om Hom te versterk. Heb 5:7, Hy wat in die dae van Sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hom geoffer het wat Hom uit die dood kon red en ook verhoor het uit die angs. Met ander woorde Christus het net soveel angs gehad; Christus was net so bevrees dat Hy sou misluk.

- **Offer**

Het jy al gedink, sou Hy misluk wat sou gebeur het?
Wat sou gebeur het as Christus regtig misluk het?

- Hy het besef dat Hy as mens hierdie hele offer moes bring en daarom het Hy met so ‘n sterk geroep en trane voor die Vader gegaan en Hy het geweet dat dit net Een is wat Hom kon red en dit is die Vader.

-o0o-